2019/05/16
07:23 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2019/05/16	DATUM 2019/05/15			+ - LAST WEEK 2019/05/06	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	*Data*
DJIA-index	25648	115.97	0.45%	25532	-3.2%	26505
Goud (Spot)	1296.05	-0.84	-0.1%	1296.89	1.1%	1281.5
Brent $/vat	70.96	1.22	1.7%	69.74	2.4%	69.3
1 € / US$	1.1207	0.00	0.01%	1.1206	0.1%	1.1193
1 US$ / ZAR	14.23	0.000	0.0%	14.23	-1.5%	14.45
Corn	R 2 069.40	50	2.5%	R 2 018.98	*CBOT Corn May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT May 12:00 the previous day	
Wheat	R 2 345.56	49	2.1%	R 2 296.41	* CBOT Wheat May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat May 12:00 the previous day	
Soybeans	R 4 368.00	93	2.2%	R 4 274.93	* CBOT Soy May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy May 12:00 the previous day	
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)						
Corn May 19	369.40	9.00	2.5%	360.40	Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit	
Wheat May 19	448.60	9.40	2.1%	439.20		
Soybeans May 19	835.40	17.80	2.2%	817.60		
PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit	Uitvoerpariteit
SORGHUM Sep '19	3300.00	-50.00	-1.5%	3350.00	3728.00	2100.00
WMAZ Spot	2594.00	40.00	1.6%	2554.00	4096.00	2370.00
WMAZ Jun 19	2609.00	46.00	1.8%	2563.00	3529.00	2129.00
WMAZ Jul 19	2648.00	49.00	1.9%	2599.00	3584.00	2182.00
YMAZ Spot	2532.00	55.00	2.2%	2477.00	3529.00	2129.00
YMAZ Jun 19	2544.00	30.00	1.2%	2514.00	3529.00	2129.00
YMAZ Jul 19	2572.00	53.00	2.1%	2519.00	3584.00	2182.00
SOY spot	4686.00	94.00	2.0%	4592.00	6222.00	4486.00
SOY Jul 19	4694.00	88.00	1.9%	4606.00	6485.00	4475.00
SUN Spot	4948.00	-22.00	-0.4%	4970.00	6343.00	4855.00
SUN Jul 19	4989.00	9.00	0.2%	4980.00	6343.00	4855.00
WHEAT Spot	4478.00	-27.00	-0.6%	4505.00	4646.00	4326.00
WHEAT Jul 19	4547.00	-18.00	-0.4%	4565.00	4718.00	4398.00
WHEAT Sep 19	4504.00	-36.00	-0.8%	4540.00	4676.00	4356.00

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

BY DIE GELD PUT OPSIE

	WM	YM
JUL '19 TERMYNPRYS	R 2 536.00	R 2 457.00
PUT TREFPRYS	R 2 540.00	R 2 460.00
PUT PREMIE	R 83.44	R 63.96
MIN SAFEX PRYS	R 2 456.56	R 2 396.04

KORING INVOERE

2018/19	2017/18	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL	32 140	-	28 795
JTD TOTAAL	500 331	1 145 540	917 219
TOTAAL BENODIG	1 520 000	2 173 234	1 727 637
JTD AS % VAN BENODIG	33%	53%	53%

Mark oorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R14.23/$ en is 2 sent versterk vanaf die vlakke waarteen dit gister met marksluiting verhandel het. Die plaaslike ekonomie is steeds grootliks onder druk met die kleinhandel, vervaardiging en mynbou sektore wat laer syfers gedurende die 1ste kwartaal van 2019 getoon het. Hierdie sektore speel 'n baie prominente rol in die plaaslike ekonomie en dus is die swak vertoning van hierdie sektore 'n groot risiko vir die BBP groei vooruitsigte vir die 1ste kwartaal. Die waarskynlikheid is baie groot dat die ekonomiese groei negatief sal wees gedurende die eerste kwartaal van 2019.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister hoofsaaklik onder druk gekom, maar het later in die dag weer ondersteuning gevind om marginaal hoër te sluit vir die dag. Die verwagting in die mark vir die weeklikse uitvoersyfers wat later vandag bekend gemaak word is dat dit tussen ongeveer 300 000 en 900 000 ton behoort te wees. Die Amerikaanse etanol produksie het verlede week die hoogste uitset getoon sedert begin Januarie met meer as 1.051 miljoen vate wat per dag geproduseer is. In ander internasionale nuus is die verwagting dat die mielie produksie in die Oekraïne tot 7% laer behoort te wees as die vorige seisoen se rekord produksie. Dit sal die uitvoere vanaf die Oekraïne ook laat daal hierdie seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die wit en geelmielie kontrakmaande wat tans gelys is. Die weeklikse produsente lewerings wat deur SAGIS gerapporteer was, is 23 465 ton se WM en 64 975 ton se YM.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister ondersteuning gevind met heelwat aankope wat in die mark gedoen was om beskerming te bied teen die kort posisies wat van die rolspelers in die mark het. Die sojaboon aanplantings in die VSA vind ook aansienlik stadiger as die normale tempo plaas en die mark sal die vordering daarvan dophou in die volgende 2 tot 3 weke. Die verwagting in die mark vir die weeklikse uitvoerverkope verslag is dat dit tussen ongeveer 300 000 en 990 000 ton behoort te wees. Die verwagting in die mark is ook dat daar tussen 125 000 en 375 000 ton se sojaboonmeel uitvoere en tussen 5 000 en 25 000 ton se sojaboon olie uitvoere behoort te wees. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag. Die weeklikse produsente lewerings wat deur SAGIS gerapporteer was, is 160 504 ton.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister gemeng verhandel, maar het hoofsaaklik onder druk gekom met die verwagtinge dat die produksie vir die seisoen goed behoort te wees en die uitvoere steeds teen 'n stadige tempo plaasvind. Die verwagting in die mark is dat die weeklikse koring uitvoerverkope tussen 150 000 en 600 000 ton behoort te wees. In ander internasionale nuus word verwag dat die Oekraïne se koring produksie vir die seisoen hoër behoort te wees as die vorige seisoen se produksie met die weer wat meestal gunstig was gedurende die produksie seisoen. Die verwagting in Frankryk is dat die seisoen se koring uitvoere buite die EU ongeveer 9.98 miljoen ton behoort te wees. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister hoofsaaklik onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Luan van der Walt, Ikageng Maluleke en Ruan Schutte /* ***Vir navrae, kontak****: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.